Meer as oorwinnaars

Meer as oorwinnaars ons gemaak
deur Jesus die Here aangeraak
die prys het Hy geheel betaal
sal ons eendag weer kom haal.

Oorwinnaars sal ons triomfeer
saam met Christus dan regeer
Hom loof en dank en eer en prys
ons harte hoër, opwaarts rys.

Die Vader sal ons wenners maak
aan hemelboë sal ons raak
hoër en hoër sal ons gaan
tot ons voet in Salem staan.

Na die wenstreep lei die Gees
 oorwinnaars sal ons wees
Hy lei en rig en stuur
ons wen sal ewig duur.

Loof en dank, prys en juig
ons dank aan God betuig
die Vader, Seun en Gees
altyd by die Ewige wees.

Jan Lubbe